higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

15 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: Begrip	[40]
AFDELING B: Opsomming	[10]
AFDELING C: Kyk – Visuele tekste	[30]
AFDELING D: Taal in praktyk	[40]
AFDELING E: Kommunikasie in praktyk	[30]

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BEGRIP

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

'n Huis vol *TEATER*



In die Vraagom-Paulus-huishouding is daar nooit 'n vervelige oomblik nie.
Nie met twee talentvolle akteurs en een pragtige dogtertjie nie.

Deur Alita Steenkamp

1. Dit vra goeie beplanning om vir Denver Vraagom en sy vrou, Ingrid Paulus, saam vir 'n onderhoud te kry. Uitendelik kry ek dit reg op 'n Saterdagoggend in Sandton City.

2. Ingrid en Denver het oor die jare geleer hoe om twee besige skedules te koördineer. Ingrid is amper elke dag van sewe tot sewe by *7de Laan* besig en dit vra natuurlik baie toewyding. 'Denver is die een wat die meeste die tyd na Skye, hul dogtertjie, kyk. Hy doen verskriklik baie vir haar en sy is vreeslik lief vir haar pa. Ek sê altyd Denver is 'one in a million,' sê Ingrid.

3. 'Ek het van die begin af besluit ek gaan nie toelaat dat Ingrid haar werk los nie. Ek vryskut al 21 jaar en is daaraan gewoond om te skarrel vir werk. Ek kon dus my dinge rondom Skye beplan. In 2013 het ek egter besluit ek wil weer my voet in die speelveld sit, toe gebeur die dinge sommer net vir my.'

5. Vir Denver was dit baie lekker om die rol as aanbieder by die joernaalprogram *Kollig* te kry. Hy is 'n baie goeie aanbieder en het al vroeër, terwyl kykNET nog in sy kinderskoene gestaan het, as aanbieder vir *Zing* opgetree. Daarna het twee verskillende kinderprogramme gevolg.

6. Soms is daar hartseer stories, ander kere weer inspirerende stories. 'Ek geniet dit geweldig baie om as aanbieder met al hierdie mense te sit en gesels. Dit kos so 'n bietjie navorsing voor die tyd, want jy moet weet wat in die persoon se lewe aangaan,' sê Denver.

6. Ingrid lag oor die vraag of sy 15 jaar gelede ooit sou kon dink dat sy steeds as Vanessa in *7de Laan* te sien sal wees. Sy voeg by dat sy nie gedink het die sepie gaan so gewild wees nie, want dit is maar 'n mededingende bedryf. Tog het sy haar oor die jare al goed in die rol van Vanessa ingeleef. Ingrid is ook baie opgewonde oor die geleentheid wat sy gekry het om daar as regisseur opleiding te ontvang.

7. Ingrid en Denver vertel dat nadat Skye met outisme gediagnoseer is, dit hulle voor uitdagings gebring het. Sy is besonder intelligent en hulle is baie trots op haar omdat sy so goed op skool doen. Sy is besonder intelligent en is vanjaar in graad 4. Ingrid vertel dat Skye sosiaal ook deesdae baie mooi aanpas

8. Dis 'n huis vol teater, som Denver hul woonplek op. Behalwe die twee honde is daar ook visse en 'n papegaai. Voeg ook hierby baie pret, lekker kuier en hope energie.

9. Hulle leef dag tot dag en geniet al die sielsdinge wat na hulle kant toe kom. 'Maar waarop ons veral hierdie jaar gaan fokus, is op Skye. Wanneer sy gelukkig en tevrede is, is ons op ons gelukkigste.'

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 23 Januarie *2015*]

1.1 Wie is die skrywer van 'n 'Huis vol Teater'? (1)

1.2 Die onderhoud met Denver en Ingrid is in Krugersdorp gehou.

1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

1.2.2 Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die leesstuk.

(2 × 1) (2)

1.3 Watter woord in paragraaf 3 beskryf die feit dat Denver rondval om werk te soek? (1)

1.4 In watter sepie speel Ingrid? (1)

1.5 Skye is met 'n siekte gediagnoseer. Watter siekte het Skye? Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.5) en die letter (A–D) as antwoord neer, byvoorbeeld 1.5 E.

A Epilepsie
B Outisme
C Aandagafleibaarheid (ADHD)
D Hipertensie (1)

1.6 Vul die korrekte woorde in: Denver het as aanbieder van *Kollig* met baie mense gesels en hulle stories gehoor. Gee slegs EEN woord as antwoord.

'Soms is die stories1.6.1 ... ander kere weer 1.6.2 ... (2)

1.7 Wat beteken dit as die skrywer sê KykNET het in sy 'kinderskoene' gestaan? (2)

Kopiereg voorbehou

1.8 Indien jy 'n onderhoud met 'n bekende persoon sou voer, wie sou dit wees en gee 'n rede hoekom juis hierdie persoon. (2)

1.9 Ingrid gee haar mening oor wat sy oorspronklik van 7de Laan gedink het. Haal 'n sin aan uit paragraaf 6 wat Ingrid se mening gee. (2)

1.10 Watter ander geleentheid het Ingrid by 7de laan gekry? (1)

1.11 Noem die drie dinge, volgens Denver, wat die atmosfeer in hul huis beskryf. (3)

1.12 Gedurende watter jaar het Denver besluit om weer voltyds te begin werk? (1)

1.13 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.13.1–1.13.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.13.1	Kollig	A	samewerking meebring
1.13.2	Skye	B	joernaalprogram
1.13.3	Koördineer	C	Ingrid en Denver se dogtertjie
1.13.4	Navorsing	D	sterk die aandag trek
1.13.5	Ooglopend	E	noukeurig ondersoek

(5 × 1) (5)

1.14 Wat word met die opskrif ' 'n Huis vol teater' bedoel? Gee TWEE feite. (2)

1.15 Wie deel nog die Vraagom-huishouding met die mense. Noem enige TWEE. (2)

1.16 Waarop fokus Denver en Ingrid hierdie jaar? (1)

1.17 In watter tydskrif het hierdie artikel verskyn? (1)

[30]

NCV

VRAAG 2: MEMORANDUM

Lees die onderstaande memorandum aandagtig deur en beantwoord die vrae.

KANARIE REISE

M E M O R A N D U M

AAN: Lede van die personeelvereniging

VAN: Mary Jones
Voorsitter

DATUM: 23 April 2018

ONDERWERP: ALGEMENE MAANDELIKSE VERGADERING

Neem asseblief kennis van die volgende algemene maandelikse vergadering op 8 Mei 2018 om 16:00 in die ontspanningsentrum.

Verwittig my asseblief teen 30 April 2018 van enige sake wat u by die agenda wil voeg. Die agenda vir die vergadering, sowel as die notule van die vorige maandelikse vergadering, sal op 5 Mei 2018 beskikbaar gestel word.

M Jones
M JONES
VOORSITTER

[Verwerk uit: *Gevorderde Kommunikasie, 2016*]

2.1 Wie is die voorsitter van hierdie firma? (1)

2.2 Aan wie gaan hierdie memorandum? (1)

2.3 Haal 'n sin aan waarin die datum en tyd van die vergadering gegee word. (2)

2.4 Waarvan moet u die voorsitter voor 30 April in kennis stel? (2)

2.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.5.1 Slegs dringende en spesiale sake sal op hierdie vergadering bespreek word.

2.5.2 Hierdie vergadering sal ook die vereniging se jaarvergadering wees. (4)
(2 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

- Skryf SEWE hoofgedagtes neer oor *waar om verder te studeer.*
- Skryf elke hoofgedagte in 'n VOLSIN neer.
- Die hoofgedagtes moet in jou EIE volsinne neergeskryf word.
- Skryf jou sinne ONDER MEKAAR en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n REËL tussen die sinne OOP.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

VERDER STUDEER ... KIES SO DIE REGTE INSTANSIE



Jy oorweeg 'n tersiêre instansie naby die huis, maar jou kêrel wil na een verder weg gaan. Moet jy nie ook maar soontoe gaan nie?

Jy wil ver weg van die huis af wees. Jy moet jou studetedae gebruik om jou vlerke te sprei, maar net omdat 'n universiteit honderde kilometers ver te kies, is dalk ‘n fout.

Jy wil by jou beste vriend wees. Op die kampus is honderde vreemdelinge met verskillende agtergronde. Dis 'n uitstekende kans om jou eie identiteit te verken, jouself te ontdek. Met jou beste vriend naby jou gaan jy verplig voel om dieselfde mens as in die kollege te wees.

As jy op 'n klein dorpie grootgeword het en droom van 'n groot plek waar jy ná ure kan inkopies doen, is dit nou jou kans om 'n swotplek met 'n lekker besige studentelewe te kies.

As die gedagte om die huis te verlaat jou angstig maak, moet jy dalk naby jou ma en pa bly, maar onthou, dis goed om die huis te verlaat.

Die meeste voorligtingsonderwysers gee goeie raad, maar hulle ken jou dalk nie so goed nie. Luister na hul aanbeveling **-** maar maak wel seker dat jy die finale besluit neem.

Jy ervaar dalk druk omdat pa steeds sy koshuislied in die stort sing. Maar onthou: Daardie goeie gesinstradisies kan vir jou sleg wees. Kies 'n plek kies waar jy gelukkig en produktief is, jou gesin wel later verstaan.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 14 Julie 2016]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: KYK – VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: BROSJURE

Lees die onderstaande brosjure aandagtig deur en beantwoord die vrae.



CHEETAU LODGE

WELKOM BY CHEETAU LODGE!

Ons is 13km buite Betlehem op die R26 in die rigting van Fouriesburg geleë. Ons bied 'n rustige atmosfeer, terwyl die leeus in die agtergrond brul. Daar is verskillende voëls om na te kyk en te luister en pragtige wit eende wat in die dammetjie swem. Die diere wat te sien is, is leeus, 2 tiere, 2 swart luiperde, 'n steenbokkie en 'n verskeidenheid voëlsoorte asook 'n hele paar groot skilpaaie.

KAMERS

Ons het sewe dubbel kamers wat toegerus is met 'n yskas, ketel, elektriese komberse en 'n verskeidenheid DSTV kanale. Vier van ons kamers kan gebruik word as 'n familie eenheid wat toegerus is met 'n groot kombuis en woonkamer. Ons het 'n mini-gimnasium sowel as 'n mini-spa op die perseel.

RESTAURANT

Ons bied van biefstuk, kerrie, pizza's, wraps tot slaaie in ons restaurant aan. Die restaurant is ook oop vir ontbyt, vir kroegetes en aandete. Sondae het ons 'n buffet-ete. Daarvoor is bespreking noodsaaklik. Ons het ook uitgebreide kroegfasiliteite.

Kopiereg voorbehou



Sel: 082 804 4166
Faks: 086 603 9955
www.cheetaulodge.com
info@cheetaulodge.com

[Verwerk uit:*Life@Eastern Free State*, Januarie 2015]

4.1 Naby watter dorp is Cheetau Lodge geleë? (1)

4.2 Hoeveel soorte wilde diere kan jy by die lodge sien? Skryf die antwoord in woorde neer. (1)

4.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer. MOTIVEER jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die leesstuk aan te haal.

4.3.1 Vir Sondae se buffet-etes is daar nie besprekings nie.

4.3.2 Cheetau Lodge is geleë op die R26.

(2 × 2) (4)

4.4 Cheetau Lodge bied 'n verskeidenheid van akkomodasie.

Beskryf die akkomodasie wat beskikbaar is, volledig. (4)

4.5 Sal voëlkykers ook daarvan hou om Cheetau Lodge te besoek? Motiveer jou antwoord. (1)

4.6 Wanneer het hierdie advertensie verskyn EN in watter publikasie? (2)

4.7 Vul die ontbrekende woord in: Die lodge word deeglik beskryf.
Daar is 'n ... atmosfeer by die lodge. (1)

4.8 Sal jy daarvan hou om Cheetau Lodge te besoek? Motiveer jou antwoord. (1)

[15]

NCV

VRAAG 5: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae.



Krilolie – Die topvorm van omega-3
Kril (planktonkrefies) is 'n klein ***omega-3-ryke*** skulpvisspesie wat floreer in die ongerepte waters van die Antarktiese oseaan. Anders as vis, word kril nie in besoedelde of geïndustrialiseerde waters geoes nie, en is daarom van nature die ***laagste in gifstowwe***.

Beter as visolie
Alle omega- 3's is belangrik vir hart, brein, oog, gewrig- en immuunstelselgesondheid. Maar, anders as visolie, is krilolie in 'n verbinding met fosfolipiede. Dit is die rede vir SupeRed™ Kril Olie Omega-3 se baie voordele.

- Beter geabsorbeerde omega-3's
- Verbeterde effektiwiteit
- Tree vinniger in werking
- Geen visnasmaak

Maak die verandering

Skakel oor na SupeRed™Kril Oil Omega-3 en voel die verskil in jou gesondheid.

'n See van geleenthede

SupeRed™ het 'n volle reeks krilolie omega-3 aanvullings ontwikkel wat gemik is om te help met matige gewrigspyn, hartgesondheid, breinfunksie, immuunstelsel-ondersteuning en vir algemene goeie gesondheid. Vir meer inligting besoek www.SupeRed.co.za

[Verwerk uit: *SARIE,* Januarie 2015]

5.1 Wat is kril EN waar kom dit vandaan? (2)

5.2 Vul die ontbrekende woorde in:

Die hoë inhoud (5.2.1 ....) in kril versterk jou (5.2.2 ...). (2)

5.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer. MOTIVEER jou antwoord uit die leesstuk aan te haal.

5.3.1 Kril word deur die Hartstigting ondersteun.

5.3.2 SupeRed™ help vir ernstige gewrigspyn.

(2 × 2) (4)

5.4 Skryf TWEE maniere neer hoe die **inhoud** van SupeRed™ krilolie verskil van visolie. (2 × 2) (4)

5.5 Wat is die webadres van SupeRed™? (1)

5.6 Watter sinsgedeelte kan lesers oorreed om SupeRed te gebruik? (2)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 6: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

KOLOM A		KOLOM B
1.1	(elke dag)	A Gee EEN woord

Antwoord: 1.1 daagliks

PANIEK



[Deur *SOFIA SMIT*]

KOLOM A		KOLOM B	PUNT
Ek het al dikwels oor my beste (6.1 vriend) Toeks geskryf. Haar (6.2 groot) probleem is paranoia. (6.3 Sy het so beskermd grootgeword. Sy kan nie krisisse hanteer nie.)	6.1 6.2 6.3	Gee die vroulike vorm. Gee oortreffende trap. Begin die sin met OMDAT.	(1) (1) (2)
Weens (6.4 goeie) (6.5 diens+lewer+ing) is daar dikwels nie water in ons krane nie, verdwyn mense dae lank in diep (6.6 slaggate/slagaate) en lyk die parke of Tarzan en sy olifant Tantor enige oomblik daar kan uitspring. En dan moet ons nog kort-kort met die spoed van 'n (6.7 verdwaal) weerligstraal uit die pad van 'n (6.8 eskader/vloot) ampsmotors spring waarin die burgermeester gewoonlik voor is.	6.4 6.5 6.6 6.7 6.8	Gee die antoniem. Korrekte vorm van die woorde. Korrekte spelling. Gee die korrekte vorm van die woord. Kies die korrekte woord in hakies.	(1) (1) (1) (1) (1)
(6.9 Ons besluit om na 'n blommeskou hier naby te gaan kyk terwyl donker wolke oor die Karoo toesak.) Beloftes van reën is so gereeld hier as orde in die parlement – dit gebeur (6.10 selde.) (6.11 Maar as dit gebeur is dit onverwags dramaties en luidrugtig.) Ons kry ook dikwels hael.	6.9 6.10 6.11	Skryf sin in die verlede tyd. Skryf 'n sinoniem. Vul die ontbrekende leesteken in.	(2) (1) (1)
Net verlede week lees ons toe van 'n (6.12 woes) haelstorm wat die een of ander dorp getref en diep (6.13 dyke/duike) in die motors geslaan het. (6.14 sommige versekeraars geweier het om die skade uit te betaal.)	6.12 6.13 6.14	Korrekte woordvorm. Korrekte spelling. Skryf sin in korrekte woordorde.	(1) (1) (2)
Die toue by 'n (6.15 persoon wat duike uit motors haal) het glo gelyk na die Israeliete wat die woestyn destyds onder leiding van Moses ingevaar het.	6.15	Gee die persoonsnaam vir die beskrywing.	(1)
Met die terugry waarsku ek vir Toeks, wat gereeld teen 40 (6.16 kilogram/kilometer) per uur (6.17 aankaaring/aankarring) dat ons maar moet wikkel om by die huis te kom voordat die storm op ons toesak.	6.16 6.17	Kies die korrekte woord. Kies die korrekte spelling.	(1) (1)
(6.18 Ek sê: 'Hierdie wolke is soos 'n ou vrou se dans') vol belofte maar gou uitgeput. En sy ry nog stadiger.	6.18	Skryf in die indirekte rede.	(2)
Ek is nou reeds 12 jaar in die Karoo en ken al die (6.19 tekens) van 'n aankomende storm, veral wanneer n mens die (6.20 reen) in die lug ruik en die wind eensklaps van rigting verander. Toeks is besig om so (6.21 dramaties/traumaties) oor ou Gert te kla, dat sy nog stadiger ry.	6.19 6.20 6.21	Gee die verkleinwoord. Korrekte leesteken. Kies die regte woord	(1) (1) (1)

Kopiereg voorbehou

Groot haelkorrels val uit die lug. Ek het gedink die ruite gaan kraak. (6.22 Toeks jaag vinnig op die huis af.)	6.22	Skryf in die lydende vorm.	(2)
Sy gryp sy die afstandbeheer betyds. Sy druk die (6.23 knoppe) met mening, maar niks gebeur nie. Sy druk dit weer, maar steeds bly daardie deure toe.	6.23	Gee verkleinwoord.	(1)
Skielik skuif die deur skuif oop. Toeks jaag (6.24 ...) die garage in en die ergste gebeur. Sy skraap haar motor se dak, want die deure het nog (6.25 ... behoorlik gelig nie.) Maar ons is veilig by die huis.	6.24	Voorsetsel.	(1)
	6.25	Vul die negatief in.	(1)

[Verwerk uit *Vrouekeur,* 28 November 2014] **[30]**

VRAAG 7

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (7.1–7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.1	Personifikasie	A	Dit s wanneer twee verskillende sake met mekaar vergelyk word
7.2	Alliterasie	B	dit is wanneer die laaste woorde in sekere versreëls dieselfde klink.
7.3	Eufemisme	C	Dit is die herhaling van dieselfde konsonant (bv wie weet waar Willie Wagter woon).
7.4	Retoriese vraag	D	dit is 'n vraag wat 'n stelling maak of 'n mening uitspreek, maar waarop geen antwoord verwag word nie.
7.5	Rym	E	dit is die versagting van 'n woord of uitdrukking deur dit minder onaangenaam te stel.
		F	voorstelling van 'n ding of begrip as persoon.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING D: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 8: VERGADERINGS

Bestudeer die onderstaande NOTULE en vul dan die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.1–8.1.15) en die antwoord neer.

bywoningsregister; 15 Junie 2018; verwelkoming; kerksaal; algemeen; notule; opening; gebed; nuwe sake; afsluiting; sake; verskonings; verwelkom; maandelikse; volgende; datum; gelukwensing

8.1.1 ... VAN DIE ALGEMENE 8.1.2 ... VERGADERING VAN DIE RIEMLAND SAKEKAMER, GEHOU OP 8.1.3 ... OM 19:30 IN DIE 8.1.4 ..., BETHLEHEM.

1. 8.1.5 ...

   Dertig lede woon die vergadering by.

2. 8.1.6

   Mnr. S. Nel het griep.

3. 8.1.7 ... en verwelkoming.
   Die voorsitter, mnr W. Heyns, open die vergadering met skriflesing en 'n 8.1.8 ... . Hy 8.1.9 ... die lede en rig 'n besondere woord van verwelkoming tot mej. R. Retief, wat onlangs na die Wes-Kaap verhuis het.

4. 8.1.10 ... UIT DIE NOTULE

   Terugvoering – meningsopname oor produktiwiteit

   Ten spyte van die vrees vir werkloosheid toon die meeste werknemers 'n onbevredigende verantwoordelikheidsin teenoor hul werk.

5. 8.1.11 ...

   5.1 Straatmark vir laerskoolleerlinge.
   Daar is te veel teenkanting en die projek word verwerp.

   5.2 Bekendstelling van 'n Jong Entrepreneurswedstryd.
   Firmas waarvan lede van hierdie klub werknemers is, kan om borgskappe en/of pryse genader word.

6. 8.1.12 ...
   Mnr. G le Roux word geluk gewens met die geboorte van sy seun.

7. DATUM VAN 8.1.13 ... VERGADERING

   Die volgende vergadering sal op 15 Julie plaasvind.

Kopiereg voorbehou

8. 8.1.14 ...
Die vergadering word om 20:40 afgesluit.

VOORSITTER 8.1.15 ... **[15]**

VRAAG 9: ONDERHOUDVOERING

9.1 Jy word ingelig dat jy vir ‘n onderhoud genooi is!

9.1.1 Skryf DRIE vrae neer wat jy graag tydens die onderhoud aan die onderhoudvoerder sal wil vra. (3 x 1) (3)

9.1.2 Wat sal jy as die kandidaat in gedagte hou **voordat** jy na die onderhoud gaan?
(5 × 2) (10)

9.1.3 Watter aanspreekvorm sal jy tydens die onderhoud gebruik? Skryf een sin as voorbeeld neer om jou antwoord te motiveer. (2 x 1) (2)
(10)
[15]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 150

NCV

Kopiereg voorbehou